aktiewe groeiseisoen vanuit die grond in die plantsisteem in en tydens die winter rusperiode beweeg sommige daarvan weer terug na die grond. Indien boompies dus vir een of ander rede skielik blare verloor, hetsy deur snoei of droogte, behoort Kaliumaanvulling gedoen te word.

Die tipe bemesting wat gebruik kan word, is gewoonlik enige tipe beskibaar vir potplante. Baie daarvan is mengsels. Sommige individue verkies Seagrow omdat dit veral aanleiding gee tot gesonde bogrondse groei en boompies goed laat vertoon weens die hoë stikstofinhoud. Indien boompies vir onverklaarbare redes swak groei ten spyte van goeie dreinering, voldoende water en bemesting en afwesigheid van siektes, kan grond-PH of 'n gebrek aan spoorelemente die moontlike oorsaak wees. Die maklikste oplossing is om die grond te vervang.

Indien te veel stikstof per ongeluk toegedien is, kan dit nadelig wees vir die plant. Dien baie water op gereelde grondslag toe om die oormaat stikstof uit te was.

Gee water na elke bemesting. Moet nie bemes na strawwe snoei en uitplanting nie.

WATER

Die verskillende *Acacia* spesies het nie almal dieselfde waterbehoeftes in die natuur nie. Hul pas egter maklik aan by 'n algemene besproeiingsprogram waar alle soorte oor dieselfde kam geskeer word.

Daar bestaan egter 'n fyn balans tussen houergrootte, tyd van die jaar (winter of somer), grondmengsel (veral ten opsigte van dreinering en voghou vermoë), graad van blootstelling aan direkte sonlig, bemesting toegedien en waterbehoeftes.

Gedurende die aktiewe groeiseisoen kan baie water toegedien word. Groot diep houers met baie grond sal met langer tussenposes besproei hoef te word, terwyl klein vlak houers gouer uitdroog. Grondmengsels wat swak dreineer, moet minder ontvang. Net so sal boompies wat aan baie direkte sonlig blootgestel is, meer gereeld natgemaak moet word.

Die beste raad om te volg is om bome nat te maak wanneer die boonste grondlaag begin droog word maar voordat die hele houer se grond uitgedor is. Bestudeer die afsonderlike houers en verskuif die boompies wat gou uitdroog na 'n ander posisie waar hulle nie so baie blootgestel is aan sonlig nie. Sodoende kan al die boompies dieselde besproeiing ontvang en oorleef sonder skade.

Boompies wat per ongeluk blare verloor weens droogte, behoort na 'n plek in die skadu verskuif te word en spesiale behandeling ontvang tot tyd en wyl hul weer begin bot.

Vinnige groeiers soos Apiesdorings, het 'n groter waterbehoefte as byvoorbeeld Knoppiesdorings. Sulke boompies verkies normaalweg ook groter houers en kry dus outomaties meer water met dieselfde watertoediening. Vir praktiese doeleindes gee die meeste bonsai kwekers sog-